SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 08 MEI 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die Nuus vandag:

DIE AWA ESB QSO PARTYTJIE VANDAG

DIE UITSLAE VAN DIE STEMMERY VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

en

HAMCHALLENGE 2022

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin met die nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat ons die skielike afsterwe van Roy McKay, ZS6RED op 23 Maart 2022 aankondig. Roy was 'n Ere lewenslange lid van die Wesrand Amateurradioklub en sal altyd onthou word vir sy bydrae tot die grondwet en antennas wat vir die Klub gebou is . Ons betuig ons innige meegevoel met Roy se familie en vriende.

POUSE

Jy luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

Die SARL Nuusspan wens alle Moeders 'n gelukkige Moedersdag toe vandag!

GELUKKIGE VERJAARSDAG

Die President, Raad en Lede van die SARL wens Marten du Preez, ZS6YZ gelukkige 95ste verjaardag op Vrydag 6 Mei 2022 en gelukkige 90ste verjaardag aan Viv Wells, ZS6CAA. Baie geluk Marten en Viv!

AWA ESB QSO PARTYTJIE VANDAG

Sluit vanmiddag van 13:00 tot 17:00 UTC aan by die ADVSA ESB Buis QSO Partytjie. Dit is foon aktiwiteit op die 40 en 80 m-bande. Vind die reëls op

bladsy 39 in die SARL-kompetisie handleiding. Logstate moet teen Vrydag 13 Mei ingedien word by andyzs6ady@vodamail.co.za. 'n Logstaat in Excel-formaat is beskikbaar op die AWA-webwerf by http://awasa.org.za/downloads/category/5-other-technical-documents.

DIE UITSLAE VAN DIE STEMMERY VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

Daar is 1 655 Lede wat kan stem, 339 Lede (20,48%) het hul stem vir die mosies uit gebring. Die eerste stem is uit gebring deur Sid, ZS5AYC en die laaste stem is uit gebring deur David, ZS4DC. Dankie aan die Lede wat gestem het.

2022-02 (Begroting) Ja 323 Nee 5 Weerhou 11

2022-03 (Intekeninge) Ja 325 Nee 4 Weerhou 10

2022-04 (Ouditeur) Ja 328 Nee 3 weerhou 8

2022-05 (Klub-skema) Ja 319 Nee 9 weerhou 11

2022-06 (Toekennings) Ja 315 Nee 3 weerhou 21

WENNER VAN DIE GELUKSTREKKING

Carina Green, die sekretaresse van die SARL Sekretaris het die wen-roepsein vir die gelukstrekking getrek uit die 339 roepseine wat 'n stem uit gebring het.

Die wenner van 'n SARL-lidmaatskap vir 2022/23 is Phil Mclean, ZS1WW

AMSATSA KONDIG DIE JAARLIKSE RUIMTE-SIMPOSIUM DATUM AAN

AMSATSA het die datum vir die vereniging se 2022 Ruimte Simposium aangekondig. Dit word gehou op Saterdag 23 Julie 2022. Die huidige beplanning is om dit as 'n virtuele geleentheid op die BlueJeans-platform aan te bied. Daar bly 'n moontlikheid dat dit 'n hibriede geleentheid kan wees wat 'n parallelle fisiese simposium van aan gesig tot aan gesig in Johannesburg insluit. Ervaring oor die afgelope twee simposiums het getoon dat virtuele geleenthede vir baie meer mense die geleentheid bied om deel te neem. Dit sal waarskynlik bly, aangesien die koste van reis en verblyf waarskynlik nie binnekort na meer bekostigbare vlakke sal terugkeer nie.

Die tema vir die Simposium is "Ruimte, die volgende grens vir uitbreiding van Amateur Radio."

Die simposium program sal onderwerpe op intreevlak dek oor hoe om 'n goed koop satelliet stasie op te rig, hoe om die meeste uit 'n hand-ontvanger te kry om satelliet kommunikasie te verken en 'n meer gevorderde vlak om ruimte navorsing met jou eie ruimte Weerstasie te doen en hoe om betrokke te raak by die bou van satelliete. Voorstelle vir vraestelle word uit genooi. Elke gleuf is 20 - 30 minute plus 'n 10 minute V&A periode. Die sluitingsdatum vir voorstelle is 31 Mei 2022. Skrywers sal in kennis gestel word van aanvaarding van hul referaat teen 8 Junie 2022. Finale aanbiedings in word en PowerPoint sal vereis word teen 1 Julie 2022. Vir meer inligting stuur 'n e-pos aan admin@amsatsa.org.za.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

HAMCHALLENGE 2022

Ons wil hê jou idees moet ons verander! Amateur radio gaan oor pret, Radiokommunikasie, tegnologie, eksperimentering, selfopleiding en vriendskap. Het jy 'n opwindende idee wat jy graag met die gemeenskap wil deel?

Die Internasionale Amateur Radio-unie Streek 1 nooi jou om met 'n spel veranderende idee te kom, wat tot meer gelisensieerde radio amateurs kan lei. Maak 'n span, deel jou idee, bied jou voorstel aan en bring dit tot werklikheid. Dit is die tyd vir verandering in amateur radio en ons soek jou! Die beste voorstelle sal beloon word, moenie hierdie geleentheid misloop nie!

Die uitdaging - het jy 'n revolusionêre idee wat jy graag met die amateur gemeenskap wil deel? Wat dink jy sal aantreklik wees en in geheel tot meer pret lei? Die HAMChallenge is 'n oproep vir idees: die beste voorstel sal beloon word en lewendig gemaak word!

Aansoekers moet 'n opsomming van hul idee met 'n kort biografie en 'n kort motiverings verklaring voor 1 Junie per e-pos na hamchallenge@iaru-r1.org indien. 'n Komitee sal die verskillende voorstelle hersien en die bestes volgens hul mening vooraf kies vir verdere oorweging teen 10 Junie. Die deelnemers sal dan nog 15 dae hê om 'n meer gedetailleerde aanbieding van hul idee voor te berei om persoonlik of virtueel tydens HamRadio 2022 in Friedrichshafen aangebied te word. Lees meer in die SARL-kommunikasie wat op Donderdag 5 Mei 2022 uitgestuur is.

KLUB NUUS

Die Sandton ARK het hul gewilde 'Tech Talk' van die laaste Woensdag na die laaste Donderdag van elke maand geskuif. Die volgende 'Tech Talk' sal op Donderdag 26 Mei plaasvind.

KOMPETISIE NUUS

Op Woensdag 11 Mei moet jy vroeg opstaan om koffie te maak om te geniet terwyl jy aan die Vroeë Oggend Koffie QSO Partytjie deelneem. Die kompetisie vind op 40 en 80 meter plaas. En op Sondag 15 Mei is dit tyd vir Suid-Afrika om soveel as moontlik stasies in die Noord-Kaap te werk tydens die ZS3 QSO Party. Kry al die kompetisie-inligting in die 2022 Blou Boek.

Die derde been van die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie sal vanaf 17:00 tot 18:00 UTC op Woensdag 18 Mei gehou word met GG, RTD en foon aktiwiteit. GG- en RTD-kontakte tel 3 punte terwyl foon kontakte 2 punte tel. Jy verdien ook 2 punte vir elke nuwe ruit vierkant en 1 punt vir elke nuwe klub wat gewerk word. Dien jou logstaat teen 21:59 UTC op Maandag 23 Mei in by contest@ sarl.org.za. Moenie enige ander e-posadres gebruik nie.

Die eerste been van die YOTA-kompetisie. Hierdie GG- en ESB bedryfs geleentheid, gereël deur die IARU Streek 1-Jeug Werkgroep in samewerking met

MRASZ (die Hongaarse AmateurRadio vereniging), hoop om jongmense se aktiwiteit op die lug te verhoog, die reputasie van YOTA-programme te versterk en die strewes van die nuwe generasie amateurs regoor die wêreld. Die eerste been vind plaas vanaf 08:00 tot 19:59 UTC op Sondag 22 Mei. 'n Tweede en derde rondte van die kompetisie is vir 23 Julie en 30 Desember geskeduleer.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar vier sonvlekke met meestal gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir die voorkoms van C- en 'n laer waarskynlikheid vir die voorkoms van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 58 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laat middag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – Moedersdag en die ADV ESB buis QSO Partytjie

11 Mei – die Vroeëoggend Koffie QSO Partytjie

13 Mei – die sluitingsdatum vir AWA logstate

15 Mei – die ZS3 QSO Partytjie

16 Mei – Nasionale Braai Dag en die sluitingsdatum vir Oggend Koffie logstate

17 Mei – Wêreld Telekommunikasie Dag

18 Mei – die SARL 80m Klub Kompetisie

20 Mei – die sluitingsdatum vir ZS3 logstate

21 Mei – Internasionale Tee Dag en die Mei RAE

21 en 22 Mei – die SARL BHF/UHF Digitale Kompetisie

22 Mei – die YOTA kompetisie

23 Mei – Sluitingsdatum vir 80 m Klub logstate

25 Mei – Hemelvaart dag en die Sandton 'Tech Talk'

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Sluit vanmiddag van 13:00 tot 17:00 UTC aan by die ADVSA ESB Buis QSO Party. Dit is foon aktiwiteit op die 40 en 80 m-bande. Vind die reëls op bladsy 39 in die SARL-kompetisie handleiding. Logstate moet teen Vrydag 13 Mei ingedien word by andyzs6ady@vodamail.co.za.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien.

Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydagmiddag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Andy Cairns, ZS6ADY, geproeflees deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.